

Regsrekeningkunde-opleiding van prokureurs in Suid-Afrika: Enkele empiriese bevindings

1. Inleiding en probleemstelling

Die vierjarige LLB-graad is aan die begin van 1998 deur bykans alle Suid-Afrikaanse universiteite ingestel. Die BProc-graad wat spesifiek saamgestel is vir persone wat as prokureur wou kwalifiseer, is deur hierdie graad vervang. Weens die relatief kort tydperk wat universiteite destyds gehad het om hierdie veranderinge aan te bring, asook die feit dat die tradisionele LLB-studietydperk van vyf jaar met 'n jaar ingekort is, is dit duidelik dat sekere vakke wat deel van die B Proc-graad was, moontlik nie in die "nuwe" LLB-graad opgeneem sou kon word nie. Een só 'n vak is regsrekeningkunde wat tradisioneel 'n verpligte vak vir die BProc-graad was.

Aangesien daar destyds geen empiriese navorsingsinligting bestaan het in verband met die siening van prokureurs en voornemende prokureurs aangaande regsrekeningkunde nie, is twee empiriese navorsingsprojekte gedurende 1997 onderneem om dié sienings te bepaal.¹ In die eerste projek is die siening van 'n groep praktiserende prokureurs bepaal en in die tweede projek die siening van 'n groep voornemende prokureurs. In laasgenoemde geval was persone betrek wat die regskole van die Vereniging van Prokureursordes bygewoon het.

In die lig daarvan dat persone wat die "nuwe" LLB-graad behaal het nou die prokureursprofessie begin betree, asook moontlike veranderinge in sienings van die twee groepe sedert 1997, is daar besluit om die twee projekte te herhaal. In hierdie artikel word die bevindings weergegee van die empiriese navorsingsprojek wat onderneem is om die siening van praktiserende prokureurs weer te gee.

2. Navorsingsmetode gevolg

Tydens die 1997-projek is daar hoofsaaklik van die ledelyste van die verskillende prokureursordes gebruik gemaak om 'n ewekansige steekproef van praktiserende prokureurs uit te trek. Vraelyste is daarna aan hulle gestuur. Vanweë die feit dat dit tydrowend was om die verskillende ordes se lys te kry, omdat een orde destyds nie sy ledelys beskikbaar wou stel nie en 'n alternatiewe bron bekom moes word vir lede wat by dié orde

1 Lubbe *ea* 1998a:75-92; Lubbe *ea* 1998b:35-47.

geregistreer was, en omdat die formaat van die ledelyste van die verskillende ordes verskil het en nie in alle gevalle tot op dieselfde datum bygewerk was nie, is daar besluit om nie weer hierdie werkswyse te volg nie.

Daar is gevolglik besluit om van die 2000-uitgawe van Butterworths se *Regsdagboek en gids* gebruik te maak as die bron waaruit die steekproef getrek is. Uit hierdie bron is daar, na samesprekings met statistici, 'n ewekansige steekproef (sistematies getrek) van vierhonderd prokureursfirmas getrek. Uit dié steekproef is daar op 'n willekeurige basis 'n vennoot per firma geselekteer aan wie 'n vraelys versend is.

'n Begeleidende brief, in Afrikaans en Engels, tesame met 'n vraelys, is aan respondente gepos. Die genoemde brief en vraelys verskyn in bylaag A. Die betrokke brief is op 'n briefhoof van die Sentrum vir Rekeningkunde van die Universiteit van die Vrystaat gedruk. Die vraelys bestaan uit twee bladsye. Die twee bladsye van beide vraelyste (Afrikaans en Engels) is verklein sodat dit op een A4-bladsy gedruk kon word in die lig van die werkswyse wat in die volgende paragraaf bespreek word. Die vraelys in die ander taal is op die keersy van die bladsy gefotostateer.

Tydens die 1997-projek is daar, in die lig van die feit dat die vierjarige LLB-graad relatief vinnig ingestel en die inligting dringend bekom moes word, besluit om respondente te versoek om die vraelyste terug te faks en nie te pos soos die tradisionele gebruik met vraelyste in empiriese navorsingsprojekte is nie. In die lig daarvan dat dié werkswyse goeie resultate opgelewer het, is daar besluit om daarby te hou en is respondente in die huidige projek ook versoek om die vraelyste terug te faks.

3. Responskoers en algemene inligting oor respondente

Daar is verskeie faktore wat 'n invloed kan uitoefen op die responskoers van empiriese navorsingsprojekte. Vraelyste wat baie lank neem om te voltooi, vraelyste wat nie oor 'n relevante onderwerp of oor 'n aangeleentheid waarby respondente belang het, handel nie, vraelyste waarvan die vrae onduidelik of swak geformuleer is, die tydstip waarop die vraelyste respondente bereik (byvoorbeeld kort voor die Kerstyd) is maar enkele voorbeelde van faktore wat 'n responskoers negatief kan beïnvloed. Dit is dan ook nie moontlik om eenvormige maatstawwe neer te lê van wat deurgaans as 'n aanvaarbare responskoers beskou kan word nie. Tydens die 1997-projek is daar op gesag gewys wat aandui dat selfs 'n 10%-responskoers onder bepaalde omstandighede aanvaarbaar sou wees.²

Die responskoers vir die huidige projek was 29,5% en dié vir die 1997-projek 32%. Eersgenoemde is in die algemeen 'n hoë koers vir empiriese navorsing en regverdig dit derhalwe die maak van geldige afleidings vir die doeleindes van hierdie projek.

2 De Villiers 1996.

4. Navorsingsbevindinge

4.1 Agtergrond aangaande respondente

In vrae 1 en 2 van die vraelys is agtergrondinligting ingewin oor respondente. Die doel met hierdie vrae was om te bepaal of die respondente, wat byvoorbeeld betref kwalifikasies, universiteite waar opleiding ontvang is en jare praktykservaring, as verteenwoordigend beskou kan word van praktiserende prokureurs in Suid-Afrika. Verder is hierdie inligting ook gebruik om moontlike tendense te bepaal met betrekking tot die aspekte wat in hierdie navorsingsprojek aan die orde gestel is.

In bogenoemde vrae is respondente onder andere versoek om aan te dui hoe lank hulle praktiseer. 'n Indelingskriterium van 5 jaar is gebruik met die laaste kategorie vir persone wat reeds langer as twintig jaar praktiseer. Die relevante inligting sal vervolgens verskaf word en sover moontlik die ooreenstemmende persentasie van die 1997-projek in hakies. Daar was respondente uit elk van die vyf groepe, en wel soos volg:

Tabel 1

Tydperk wat respondente praktiseer	2000-projek	1997-projek
0-5 jaar	17,2%	38,2%
5-10 jaar	12,9%	20,2%
10-15 jaar	21,6%	12,6%
15-20 jaar	20,7%	8,5%
Langer as 20 jaar	27,6%	20,5%

Die meeste respondente 44,0% (55,1%) het oor 'n LLB-graad beskik terwyl 37,9% (31,5%) aangedui het dat hulle hoogste akademiese regs kwalifikasie 'n BProc-graad is. Van die respondente het 4,3% (5,8%) oor 'n meesters- of doktorsgraad beskik terwyl 5,1% (4,1%) se hoogste kwalifikasie grade soos Blur, BCom of BA was. 2,6% (2,9%) van die respondente het oor 'n regsdiploma of -sertifikaat beskik en 0,0% (0,6%) het geen formele universiteitsopleiding ondergaan nie.

Die tydperk waarin die hoogste akademiese regs kwalifikasie behaal is, is dié tussen 1950 (1945) en 1999 (1996). Die meeste respondente 22,4% (34,2%) het hul hoogste akademiese kwalifikasies na 1991 (1990) behaal, terwyl 6,0% (10,3%) hul kwalifikasies voor 1960 (1950) behaal het.

Van die respondente wat oor 'n universiteitskwalifikasie beskik, het 97,4% (98,3%) hul hoogste kwalifikasies aan 15 (17) verskillende Suid-Afrikaanse universiteite behaal, terwyl 2,6% (1,7%) hul hoogste kwalifikasie aan 'n buitelandse universiteit behaal het.

Van die respondente het 44,8% (55,1%) 'n Afrikaanse vraelys ingevul en teruggefax en 55,2% (44,9%) 'n Engelse vraelys.

4.2 Regsrekeningkunde tydens die universiteitsopleiding van voornemende prokureurs

In vraag 3 van die vraelys moes respondente aandui wat hul praktykswerk behels. Hulle moes een opsie kies uit die volgende drie:

- Spesialiseer in kommersiële werk.
- Doen van tyd tot tyd kommersiële werk.
- Doen geen kommersiële werk nie.

Met bogenoemde vraag wou die navorsers veral bepaal hoe respondente wat aandui dat hulle geen kommersiële werk doen nie, ingestel is ten opsigte van rekeningkunde-opleiding tydens voornemende prokureurs se universiteitsopleiding.

Van die respondente het 23,3% (24,8%) gemeld dat hulle in kommersiële werk spesialiseer, 69,0% (65,4%) dat hulle van tyd tot tyd kommersiële werk doen en slegs 7,9% (9,8%) dat hulle geen kommersiële werk doen nie. Van die respondente wat aangedui het dat hulle geen kommersiële werk doen nie, het 88,9% (90,0%) gemeld dat rekeningkunde 'n verpligte vak moet wees tydens die universiteitsopleiding van voornemende prokureurs.

Van die totale getal respondente wat aan 'n universiteit gestudeer het, het 68,1% (65,1%) aangedui dat hul universiteitsopleiding wel ('n) kursus(se) in rekeningkunde ingesluit het, terwyl 31,9% (34,9%) geen sodanige kursus deurloop het nie. Van eersgenoemde groep het 50,9% (54,4%) 'n jaarkursus gevolg en 6,9% (25,7%) slegs 'n semesterkursus, terwyl 11,2% (19,9%) kursusse gevolg het wat oor langer as 'n jaar gestrek het en 31% nagelaat het om die inligting te verstrek. Dit blyk dat slegs enkele van die universiteite waaraan respondente gestudeer het, 'n semesterkursus in rekeningkunde vir voornemende prokureurs aanbied of aangebied het.

Van die totale getal respondente het 96,6% (91,2%) aangedui dat rekeningkunde 'n verpligte vak moet wees in die universiteitsopleiding van voornemende prokureurs, terwyl 3,4% (8,8%) van mening was dat dit nie 'n verpligte vak moet wees nie. Van eersgenoemde groep was 66,4% (65,5%) van mening dat die betrokke kursus 'n jaarkursus moet wees, 17,2% (19,9%) dat dit langer as 'n jaarkursus moet wees, 12,9% (14,6%) dat dit 'n semesterkursus kan wees terwyl 3,4% nagelaat het om die betrokke inligting te verskaf.

Vir die persone wat van oordeel was dat die rekeningkunde-opleiding oor langer as 'n jaar moet strek, is 'n "oop" vraag ingesluit waar hulle voorstelle kon maak oor die aard, inhoud, ensovoorts van dié opleiding. Van dié groep respondente het 32,3% (22,0%) gemeld dat kennis van rekeningkunde 'n belangrike deel is van 'n prokureur se werk en dat voornemende prokureurs in die algemeen meer blootstelling aan rekeningkunde-opleiding moet kry. Onder spesifieke voorstelle oor die inhoud van sodanige opleiding was ontleding en vertolking van finansiële jaarstate die faktor wat die meeste voorgekom het. Ander aspekte wat hier

voorgekom het, is praktykbestuur, rekenaarvaardigheid, belasting, trusts en selfs “ouditkundige” opleiding oor bedrog.

Vir die respondente [3,4% (8,8%) van die totale getal respondente] wat gemeld het dat rekeningkunde nie 'n verpligte vak moet wees tydens die universiteitsopleiding van voornemende prokureurs nie, is 'n “oop” vraag ingesluit waar hulle hul antwoord kon motiveer. Tydens die 1997-projek het 57,1% van hierdie respondente aangevoer dat rekeningkunde-opleiding deur die Skool vir Regspraktyk voldoende is, terwyl 23,8% van mening was dat boekhouders en rekenaars rekeningkundige werk in die praktyk doen en dat 'n prokureur gevolglik nie rekeningkundige kennis nodig het nie. Tydens die huidige projek het 3,4% van die respondente net gemeld dat die opleiding “nie nodig” is nie terwyl 96,6% geen rede ter motivering gemeld het nie.

Dit het opgeval dat 'n wesenlike aantal respondente wat aangedui het dat rekeningkunde nie 'n verpligte vak hoef te wees in die universiteitsopleiding van voornemende prokureurs nie, slegs van enkele universiteite afkomstig is. Daar is nie 'n vraag gevra waaruit afleidings gemaak kan word waarom slegs hierdie universiteite se oud-studente van mening is dat rekeningkunde nie 'n verpligte vak hoef te wees nie. Wat egter wel opval, is dat die oorgrote meerderheid respondente wat wel rekeningkunde as universiteitsvak geneem het en van mening is dat dit nie 'n verpligte vak hoef te wees nie, aangedui het dat hulle slegs 'n semesterkursus in rekeningkunde gevolg het.

Van die respondente wat aangedui het dat rekeningkunde 'n verpligte vak moet wees en wie se universiteitsopleiding 'n jaarkursus in rekeningkunde ingesluit het, was 75,4% (73,2%) van oordeel dat 'n jaarkursus verpligtend moet wees vir voornemende prokureurs, 22,8% (23,1%) dat dit selfs meer as 'n jaarkursus moet wees, en slegs 1,8% (3,7%) dat 'n semesterkursus voldoende sou wees.

Van die respondente wat aangedui het dat rekeningkunde 'n verpligte vak moet wees en dat hulle universiteitsopleiding 'n semesterkursus in rekeningkunde ingesluit het, was 12,5% (18,8%) van oordeel dat 'n semesterkursus daarin 'n verpligte vak moet wees, 62,5% (52,1%) dat 'n jaarkursus verpligtend moet wees en 25,0% (29,1%) dat dit langer as 'n jaarkursus moet wees.

4.3 Regsrekeningkunde as deel van die prokureurstoelatingseksamen

Op die vraag of 'n vraestel in rekeningkunde deel moet vorm van die prokureurstoelatingseksamen, het 98,3% (94,0%) van die totale getal respondente aangedui dat dit wel deel moet vorm en 1,7% (6,0%) dat dit nie deel moet vorm nie. Respondente wat ten gunste was van 'n vraestel in rekeningkunde as deel van die prokureurstoelatingseksamen is versoek om aan te dui:

- of die huidige benadering met betrekking tot die rekeningkundevraestel behou moet word;

- of die omvang van die werk waaroor die rekeningkundevraestel handel, uitgebrei moet word;
- of die omvang van die werk waaroor die rekeningkundevraestel handel, ingekort moet word; en
- of hulle onseker is of nie 'n mening wil uitspreek nie.

Van bogenoemde groep het 35,7% (45,0%) hulle uitgespreek ten gunste van die *status quo*, terwyl 45 5% (40,6%) van mening was dat die werk waaroor die rekeningkundevraestel handel, uitgebrei moet word. 17,9% (12,7%) was onseker of wou nie 'n mening uitspreek nie, terwyl slegs 0,9% (1,7%) van mening was dat die werk waaroor die rekeningkundevraestel handel, ingekort moet word.

Van die groep respondente wat van mening was dat die rekeningkundevraestel nie deel moet vorm van die prokureurstoelatingseksamen nie, het slegs sewe respondente 'n stelling gemaak wat daarop dui dat prokureurs “dit nie nodig het nie”. Die ander kommentare op hierdie vraag was so uiteenlopend dat dit onmoontlik was om enige verteenwoordigende afleiding daaruit te maak.

Van die respondente wat aangedui het dat hulle nooit enige kommersiële werk doen nie, was 87,5% (93,3%) van mening dat 'n vraestel in rekeningkunde deel moet vorm van die prokureurstoelatingseksamen.

4.4 Verdere bevindinge

Soos in paragraaf 4.1 gemeld, moes inligting bekom word oor die siening van prokureurs aangaande die vraag of rekeningkunde-opleiding verpligtend moet wees tydens die studie van voornemende prokureurs en deel moet vorm van die prokureurstoelatingseksamen, en of daar slegs met een hiervan volstaan kon word. Die siening van die respondente in die geheel was soos volg:

Tabel 2

Siening van respondente	2000- projek	1997- projek
Rekeningkunde moet 'n verpligte vak wees tydens universiteitsopleiding en dit moet tydens die prokureurstoelatingseksamen geëksamineer word.	88,9%	86,4%
Rekeningkunde moet nie 'n verpligte vak te wees tydens universiteitsopleiding nie, maar moet wel tydens die prokureurstoelatingseksamen geëksamineer word.	4,8%	7,6%
Rekeningkunde moet 'n verpligte vak wees tydens universiteitsopleiding, maar moet nie tydens die prokureurstoelatingseksamen geëksamineer word nie.	3,8%	4,7%
Rekeningkunde moet nie 'n verpligte vak wees tydens universiteitsopleiding en moet nie tydens die prokureurstoelatingseksamen geëksamineer word nie.	2,5%	1,3%
TOTAAL	100%	100%

Daar sou waarskynlik geantisipeer kon word dat die laaste groep in tabel 1 hoofsaaklik uit dié groep prokureurs sou kom wat aangedui het dat hulle geen kommersiële werk doen nie. Dit val egter op dat uit hierdie groep daar nie een respondent was wat van oordeel was dat rekeningkunde nie deel moet wees van die universiteitsopleiding nie en nie tydens die prokureurstoelatingseksamen geëksamineer moet word nie. Die respondente wat voorafgaande mening gehuldig het, het almal uit die groep gekom wat aangedui het dat hulle van tyd tot tyd kommersiële werk doen.

Die laaste vraag in die vraelys was 'n "oop" vraag waar respondente die geleentheid gebied is om enige verdere inligting te verskaf. Honderd-ses-en-veertig (honderd-agt-en-twintig) kommentare is hier ontvang, wat vervat kon word in 12 (21) voorstelle. Sekere van dié voorstelle het slegs van 'n enkele respondent gekom wat dit so onbeduidend maak dat dit nie 'n verteenwoordigende mening is nie. Die drie voorstelle wat die meeste gemaak is, is die volgende:

- Daar is 'n behoefte aan meer opleiding in ontleding en vertolking van finansiële jaarstate.
- Rekeningkunde word as onontbeerlik geag in die beoefening van 'n prokureurspraktyk.
- Daar is 'n behoefte dat opleiding in rekeningkunde nog meer praktyksgerig moet wees.

Daar kon geantisipeer word dat veranderlikes soos jare praktyksondervinding moontlik 'n invloed sou kon uitoefen op respondente se siening omtrent die twee primêre doelwitte van hierdie projek, naamlik om te bepaal of hulle van mening is dat rekeningkunde-opleiding aan universiteite noodsaaklik is, en of die aflegging van 'n rekeningkundevraestel deel van die prokureurstoelatingseksamen moet vorm. Geen betekenisvolle verskille in siening het egter uit die navorsing na vore gekom nie. Ter staving van bogenoemde kan byvoorbeeld gemeld word dat 100% (92,1%) van die respondente wat minder as 5 jaar praktiseer, van oordeel was dat rekeningkunde 'n verpligte vak tydens die universiteitsopleiding van voornemende prokureurs moet wees, terwyl 96,9% (92,9%) van die respondente wat langer as 20 jaar praktiseer ook dié mening gehuldig het.

5. Samevatting

In die lig daarvan dat prokureurs onder andere trustgeld van kliënte beheer, kan daar aanvaar word dat lede van dié professie oor 'n basiese kennis van die rekeningkunde moet beskik. Dit, tesame met hofuitsprake (soos byvoorbeeld *Law Society Cape v Koch* 1985 4 SA 379(K)), wat gehandel het oor die toesig wat 'n prokureur oor sy/haar "boekhouding" moet uitoefen, is dan ook waarskynlik die hoofrede waarom een van die vraestelle in die prokureurs-toelatingseksamen 'n rekeningkunde-vraestel is.³

3 Faris 1996:99-111.

In die moontlike toekomstige besinning oor die samestelling van die kurrikulum van die vierjarige LLB-graad sal Fakulteite Regsgeleerdheid en die prokureursprofessie kennis moet neem van verskillende groepe rolspelers se siening oor hoe sodanige kurrikulum saamgestel moet word. Een van die belangrikste groepe rolspelers in dié verband is waarskynlik persone wat as prokureurs praktiseer. In hierdie navorsingsprojek is daar juis gefokus op dié groep.

Die navorsing se primêre oogmerk was om die siening van prokureurs te bepaal met betrekking tot rekeningkunde-opleiding van voornemende prokureurs tydens hul universiteitsopleiding, asook met betrekking tot die rekeningkunde-vraestel as deel van die prokureurstoelatingseksamen. Uit die navorsingsbevindinge is daar oorweldigende steun vir rekeningkunde as 'n jaarkursus tydens die opleiding van voornemende prokureurs en dat ten minste die *status quo* gehandhaaf moet word met betrekking tot die huidige benadering dat die rekeningkunde-vraestel deel van die prokureurstoelatingseksamen vorm.

Bibliografie

BUTTERWORTHS

2000. *Regsdagboek en gids*.
Mayville: Butterworths.

FARIS VJ

1996. *Praktiese boekhouding vir
regepraktike in Suid-Afrika*. V J
Faris.

LUBBE DS EN ANDERE

1998a. Rekeningkunde-opleiding
van prokureurs in Suid-Afrika: En-
kele empiriese bevindings. *Tydskrif
vir Regswetenskap* 23(1): 75-92.

1998b. Rekeningkunde-opleiding
van prokureurs in Suid-Afrika: En-
kele verdere empiriese bevindings.
Tydskrif vir Regswetenskap 23(2):
35-47.

DE VILLIERS CJ

1996. *The awareness level of dif-
ferent stakeholder groups and their
willingness to support corporate
environmental reporting in South
Africa*. Ongepubliseerde PhD-proef-
skrif. Pretoria: Universiteit van
Pretoria.

Bylaag A

Mr XXX

YYY & Partners

P O Box ZZZ

XXXXXX

0000

Geagte XXX

NAVORSING: REKENINGKUNDE-OPLEIDING VAN VOORNEMENDE PROKUREURS

In 1997 is empiriese navorsing onderneem oor die aard, omvang, ens. van Rekeningkunde-opleiding van prokureurs in Suid-Afrika. Ek is tans besig met 'n soortgelyke navorsingsprojek.

Ek is reeds agtien jaar lank betrokke by Rekeningkunde-opleiding van voornemende prokureurs en bied ook die kursus Rekeningkunde aan by die Skool vir Regspraktyk: Vrystaat.

Ons het 'n steekproef van persone uit die registers van praktiserende prokureurs van die verskillende prokureursordes getrek, en u is een van hierdie persone.

Ons is van mening dat ons navorsing waardevolle insette kan lewer vir die prokureursprofessie en ons beplan om die resultate van ons navorsing in regstydskrifte te publiseer.

Ten einde 'n verteenwoordigende mening te kan bepaal, is dit van groot belang dat u die verlangde inligting op die aangehegte vraelys invul en aan ons terugstuur. Die invul van die vraelys behoort u nie langer as twee minute besig te hou nie.

In die lig daarvan dat ons die inligting dringend verlang sal ons dit waardeer indien u, nadat u die vraelys ingevul het, dit aan ons faks by 051-4483046, 051-4483941 of 051-4012117.

Baie dankie vir u tyd om hierdie vraelys in te vul. Faks dit asseblief onverwyld terug. Ons het die inligting voor 15 September 2000 nodig.

Nogmaals dankie vir u samewerking.

Die uwe

PROF. D.S. LUBBE

B.PROC., M.COMPT., M.COM., D.COM., G.R.(S.A.)

Dear XXX

RESEARCH: ACCOUNTING TRAINING OF PROSPECTIVE ATTORNEYS

In 1997 empirical research has been undertaken on the nature, scope, etc. of Accounting training of attorneys in South Africa. I am currently doing a similar research project on this subject.

I have been involved in Accounting training of prospective attorneys for eighteen years, and I also present the Accounting course at the School for Legal Practice: Free State.

We selected a sample of practising attorneys from the registers of the different law societies, and you are one of them.

We are of the opinion that our research can provide valuable input for the profession of attorney, and we plan to publish the results of our research in legal journals.

In order to obtain a representative opinion, it is most important for you to fill in the required information on the attached questionnaire and to return it to us. It should take you no longer than two minutes to complete the questionnaire.

As we require the information urgently, we would appreciate it if you could fax the completed questionnaire to us on 051-4483046, 051-4483941 or 051-4012117.

Thank you for taking the time to complete the questionnaire. Please fax it to us as soon as possible. We require the information before 15 September 2000.

Thank you once again for your co-operation.

Yours faithfully

PROF. D.S. LUBBE

B.PROC., M. COMPT., M.COM., D.COM., C.A. (S.A.)

QUESTIONNAIRE IN AFRIKAANS ON
REVERSE SIDE

QUESTIONNAIRE - CANDIDATE ATTORNEYS

PLEASE MAKE A CROSS OR GIVE THE REQUESTED INFORMATION IN
THE RELEVANT SPACE

For Office
Use Only

--	--	--	--

1-4

1. Have you completed your articles (or part of it) as a candidate attorney?

Yes	No

	5
--	---

2. Highest academic qualification.....

Eg. B.Proc.	Year obtained	Univ. where obtained

	6
	7 - 8
	9 - 10

3. Indicate whether you:

- are a full-time student;
 - occupy a full-time post; or
 - occupy a part-time post
- at the time you are attending the School for Legal Practice.

	11
--	----

4. Did your university education include a course in Accounting

.....

Yes	No

	12
--	----

5. If your answer to Question 4 is Yes - was the relevant course a

- semester course
- year course
- course longer than a year

	13
--	----

6. Is it your opinion that Accounting should be an obligatory subject
in the university education of prospective attorneys?

Yes	No

	14
--	----

7. If your answer to Question 6 if YES, what should the duration
of such a course be?

- A semester course
- A year course
- Longer than a year course

	15
--	----

8. If your answer to Question 6 is **NO** give a brief reasoning for your answer.

.....

16 - 17	

9. Should a paper in Accounting form part of the law admission examination for attorneys?

Yes	No

18

10. Briefly give your opinion (positive and/or negative comments) on the course Legal Accounting (LAC) taken at the School for Legal Practice.

.....

19 - 20	

21 - 22	

23 - 24	

25 - 26	

27 - 28	

11. Any further information that you would like to give:

.....

29 - 30	

31 - 32	

**THANK YOU FOR YOUR TIME TO
 COMPLETE THIS QUESTIONNAIRE**

'N VRAELYS IN ENGELS VERSKYN OP
DIE KEERSY

VRAELYS – KANDIDAATPROKUREURS

TREK ASSEBLIEF 'N KRUISIE OF VERSKAF DIE INLIGTING SOOS VERLANG
IN DIE TOEPASLIKE SPASIE.

- | | | | | | | | | | | | | | | |
|----------------|---|---|----------------|--------------|--|---|--|--|--|---|--|-----|--|------|
| | | <p style="text-align: center;"><u>Amptelike
Gebruik</u></p> <div style="border: 1px solid black; width: 40px; height: 20px; margin: 0 auto;"></div> <p style="text-align: center;">1-4</p> | | | | | | | | | | | | |
| 1. | Het u reeds u leerklerskap (of 'n deel daarvan) as kandidaatprokureur voltooi? <table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td style="width: 20px; height: 20px;">Ja</td><td style="width: 20px; height: 20px;">Nee</td></tr><tr><td style="width: 20px; height: 20px;"></td><td style="width: 20px; height: 20px;"></td></tr></table> | Ja | Nee | | | <table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td style="width: 20px; height: 20px;"></td><td style="width: 20px; height: 20px;">5</td></tr></table> | | 5 | | | | | | |
| Ja | Nee | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | 5 | | | | | | | | | | | | | |
| 2. | Hoogste akademiese kwalifikasie <table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td style="width: 40px; height: 20px;">Bv.
B.Proc.</td><td style="width: 40px; height: 20px;">Jaar
behaal</td><td style="width: 40px; height: 20px;">Universiteit</td></tr><tr><td style="width: 40px; height: 20px;"></td><td style="width: 40px; height: 20px;"></td><td style="width: 40px; height: 20px;"></td></tr></table> | Bv.
B.Proc. | Jaar
behaal | Universiteit | | | | <table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td style="width: 20px; height: 20px;"></td><td style="width: 20px; height: 20px;">6</td></tr><tr><td style="width: 20px; height: 20px;"></td><td style="width: 20px; height: 20px;">7-8</td></tr><tr><td style="width: 20px; height: 20px;"></td><td style="width: 20px; height: 20px;">9-10</td></tr></table> | | 6 | | 7-8 | | 9-10 |
| Bv.
B.Proc. | Jaar
behaal | Universiteit | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | 6 | | | | | | | | | | | | | |
| | 7-8 | | | | | | | | | | | | | |
| | 9-10 | | | | | | | | | | | | | |
| 3. | Merk of u <ul style="list-style-type: none"> • voltyds studeer; • 'n voltydse betrekking beklee ; of..... • 'n deelydse betrekking beklee <p>in die tyd waarin u die Skool vir Regspraktyk bywoon.</p> | <table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td style="width: 20px; height: 20px;"></td><td style="width: 20px; height: 20px;">11</td></tr></table> | | 11 | | | | | | | | | | |
| | 11 | | | | | | | | | | | | | |
| 4. | Het u universiteitsopleiding 'n kursus(se) in Rekeningkunde ingesluit? | <table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td style="width: 20px; height: 20px;">Ja</td><td style="width: 20px; height: 20px;">Nee</td></tr><tr><td style="width: 20px; height: 20px;"></td><td style="width: 20px; height: 20px;"></td></tr></table> <table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td style="width: 20px; height: 20px;"></td><td style="width: 20px; height: 20px;">12</td></tr></table> | Ja | Nee | | | | 12 | | | | | | |
| Ja | Nee | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | 12 | | | | | | | | | | | | | |
| 5. | Indien u antwoord op <u>Vraag 4 JA</u> was, was die betrokke kursus(se) wat u geneem het 'n <ul style="list-style-type: none"> • semesterkursus • jaarkursus • kursus oor langer as een jaar | <table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td style="width: 20px; height: 20px;"></td><td style="width: 20px; height: 20px;">13</td></tr></table> | | 13 | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | | | | | | | | | | | |
| 6. | Is u van mening dat Rekeningkunde 'n <u>verpligte</u> vak moet wees in die <u>universiteitsopleiding</u> van voornemende prokureurs? | <table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td style="width: 20px; height: 20px;">Ja</td><td style="width: 20px; height: 20px;">Nee</td></tr><tr><td style="width: 20px; height: 20px;"></td><td style="width: 20px; height: 20px;"></td></tr></table> <table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td style="width: 20px; height: 20px;"></td><td style="width: 20px; height: 20px;">14</td></tr></table> | Ja | Nee | | | | 14 | | | | | | |
| Ja | Nee | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | | | | | | | | |
| 7. | Indien u antwoord op <u>Vraag 6 JA</u> was, hoe lank moet sodanige kursus(se) duur? <ul style="list-style-type: none"> • 'n Semesterkursus..... • 'n Jaarkursus..... • Langer as 'n jaarkursus..... | <table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td style="width: 20px; height: 20px;"></td><td style="width: 20px; height: 20px;">15</td></tr></table> | | 15 | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | | | | | |

- 8. Indien u antwoord op Vraag 6 **NEE** was, motiveer kortliks u antwoord.

.....
.....

--	--

16 - 17

- 9. Moet 'n vraestel in Rekeningkunde deel vorm van die prokureurstoelatingseksamen ?

Ja	Nee

--

18

- 10. Gee kortliks u mening (positiewe en/of negatiewe kommentaar) oor die kursus Regsrekeningkunde (LAC) wat u by die Skool vir Regsopleiding deurloop het.

.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....

--	--

19 - 20

--	--

21 - 22

--	--

23 - 24

--	--

25 - 26

--	--

27 - 28

- 11. Enige verdere inligting wat u graag wil verskaf:

.....
.....
.....

--	--

29 - 30

--	--

31 - 32

**BAIE DANKIE VIR U TYD OM
HIERDIE VRAELYS IN TE VUL**